

# KOERSVAS

Jaargang 6 Uitgawe 123 27 Oktober 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel


Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Reformasie 500

Vyfhonderd jaar na die eerste stimulus tot die Reformasie is die vraag na die waarde van die beweging van groot belang. Ons hoef maar net te kyk na die verskeidenheid van kerke wat dwarsoor die wêreld versprei is om te besef hoe wyd die geleentheid gevier gaan word. Daar is Lutherane, Calviniste, Charismate, Anglikane, Baptiste, Metodiste, mense wat Arminianisme onderskryf, mense wat Pentekostalisme aanhang en verskeie ander kerke wat weens die Reformasie tot stand gekom het. Die prolifererende protestante-beweging het in sy wekroep reeds die stimulus tot die groei en verskeidenheid ingebed. *Reformata semper reformanda* (Hervormers moet altyd weer hervorm) impliseer nie noodwendig dat daar telkens nuwe kerkverbande gestig moet word nie en tog is dit wat gebeur.

Nuwe perspektiewe of ander uitdagings maak dat die hervormende beweging nuwe antwoorde soek of ander benaderings ondersoek. Daarmee saam gebeur dit soms dat 'n denominasie so deel van die volk word dat dit 'n Volkskerk word. Somtyds gebeur dit dan dat 'n nuwe kerkverband tot stand kom om hierdie nuwe sake te verdiskontereer. So byvoorbeeld vind ons dat daar letterlik



tientalle kerke is wat as Lutherane identifiseer. Om net enkeles te noem - Batak Christen Protestante kerk, Kerk van Denemarke (Evangelies Lutherse kerk in Denemarke) Kerk van Ysland, Evangelies Lutherse kerk van Rusland, Protestante kerk in Nederland, Verenigde kerk van Christus, Japan Lutherse kerk, Anglo-Lutherse Katolieke kerk, Luthers-Ortodokse kerk, Kosovo Protestante Evangeliese kerk en vele meer –ongeveer 140 groepe wat as Lutherane identifiseer. Op soortgelyke wyse sou ons die proliferasie van Calviniste, Anglikane en Metodiste kon aandui.

Dit gebeur ongelukkig gereeld dat sekere groeperinge binne 'n besondere kerkverband die kluts kwyt raak. Die wekroep wat sake wil regstel, word ignoreer en dan kom daar ook alternatiewe na vore wat poog om getrou te bly aan die oorsprong van die denominasie.

Die verskillende groepe is in gesprek met mekaar en elk probeer die ander van hul standpunte oortuig. Sommige verskille is klein. Tog is daar geskille wat deur eeue heen steeds bespreek word, geskille wat nie so maklik bygelê sal word nie. Die sinode te Dordt het 'n besluit geneem wat nie deur almal aanvaar is nie. Die mense wat Jakob Hermanszoon (Jacobus Arminius) se standpunt ondersteun het, het nie bes gegee

nie. Die gevolg is dat daar byvoorbeeld in die VSA 'n groot groep kerke is wat hulself as aanhangers van Arminianisme sal beskryf. Arminius was 'n Calvinis wat sekere dele van Calvyn se lering wou "hervorm", veral die gedagtes rondom **vrye wil** en die **uitverkiesingsleer**. Sy ondersteuners (Remonstrante) sal hulself nooit Calviniste noem nie. Tog word albei groepe as kinders van die Reformasie gekategoriseer. Dit was veral John Wesley en daarmee saam die Metodiste beweging wat Arminius se leerstellings aanvaar het. Die ironie kan nie ignoreer word nie. Die NGK het in die negentiende eeu Metodiste predikante ingevoer om die liberalisme te bestry. Vandag nog is die Methodistiese inslag duidelik te bespeur in die NGK en tog onderskryf die NGK die Dordtse leerreëls. Die Roomse kerk (wat in die volksmond verkeerdelik as die Katolieke kerk bekend staan) aan die ander kant verruim telkens net sy standpunt om nuwe gedagtes te akkommodeer. So vind ons dat daar Roomse gemeentes is wat uit en uit charismaties ingerig is, terwyl ander gemeentes meer tradisioneel neig in terme van aanbidding en liturgie. Dit beteken dat die Roomse kerk al hoe meer amorf vervorm word, terwyl die gesag van die pous bly geld. Die ekumeniese beweging probeer nou om nie net die verskillende Protestantse kerke in een organisatoriese liggaam saam te voeg nie, maar ook eenheid te bewerkstellig tussen die Roomse en Protestantse bewegings. Die ekumene self moet in die strewe na organisatoriese eenheid ook verder weg beweeg van beginselstandpunte. Die opvallende is dat daar verkillende ekumeniese bewegings is. Met ander woorde die ekumene is nie eens saam in een liggaam nie.

Teen hierdie agtergrond kan die vraag gestel word na die meriete van Reformasie 500 vier.

Daar word wyd verwys na die "sondige verskeurdheid" van die kerk. Die kritiek is veral teen die agtergrond van die ideaal en strewe na strukturele eenheid wat as maatstaf aangelê word.

Uit die inhoudelike verskille soos hier bo genoem, is dit duidelik dat een van twee moontlikhede op die tafel is. Aan die een kant 'n strukturele eenheid wat net in naam sal kan wees.

Alternatief is die strukturele inhoud waar net een kerk se teologie dominant is. Rome dring daarop aan dat almal weer terug hervorm na die leiding van die pous toe.

Wat bely ons? Die Apostoliese geloofs-belydenis stel: "ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, (*"sanctam ecclesiam catholicam; sanctorum communionem"*) terwyl die Niceense belydenis stel: "Ons glo aan een, heilige, algemene en apostoliese kerk. (*εἰς μίαν, ἁγίαν, καθολικὴν καὶ ἀποστολικὴν εκκλησίαν*)". Die een, die heilige en apostoliese kerk word bely.

Die eenheid word bely onder die hoofopskrif van die Heilige Gees. Anders gestel, die een by Wie die eenheid gesoek moet word, is die Heilige Gees. Dit is die Gees wat ons saambind as gelowiges, dit is die Gees wat ons heilig maak, dit is die Gees wat deur die verkondiging die apostoliese boodskap oordra. Nog anders gestel, ons eenheid is nie sigbaar nie omdat ons in Christus deur die Gees een is. Net soos die meeste ander punte van die belydenisskrifte, kan hierdie belydenis ook nie direk demonstreer of aangedui word nie. Dit is iets wat ons glo.

Die toetssteen vir die kerk word die inhoud van die boodskap wat verkondig word. Daar

is een Here, een Doop, een Verlosser, een genade. Dit moet aan almal verkondig word. Ons lees in I Korintiërs 15:1-6 “*Ek herinner julle, broers, aan die evangelie wat ek aan julle verkondig het en wat julle ontvang het en waarin julle ook gevestig staan. Deur dié evangelie word julle ook gered as julle vashou aan die boodskap soos ek dit aan julle verkondig het. As julle aan iets anders vashou, het julle tevergeefs tot geloof gekom. Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, en daarna aan meer as vyfhonderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe*”. Die kerk word telkens terug geroep na hierdie eenvoudige boodskap.

Die Reformasie 500 is ons wekroep om altyd weer ons prediking te toets. Ons weet na 500 jaar dat die mens afdwaal en weer en weer op die regte pad geplaas moet word. Ons vier die Reformasie omdat dit die begin was van ‘n proses van suiwering wat nie sal ophou alvorens die Here weer kom nie.

## **BERIGTE EN KENNISGEWINGS**

### **BEROEPENUUS**

Ds Faan Visser van Stilfontein het die beroep na Oostelike Pietersburg aanvaar. Sy afskeidspreek vind plaas op Sondag 29 Oktober 2017 en hy word in Oostelike Pietersburg bevestig Saterdag 4 November.

### **OORNAG FASILITEITE Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !  
Slegs 5km van die Zambezi Tolhek  
- naby hospitaal en besighede-  
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar  
in gemeubileerde kamers  
Etes en wasgoed op afspraak  
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by  
**Villa Stoney**  
Kontak Ina Steenkamp vir navrae en be-  
sprekings 0829082831 [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

### **REFORMASIE 500**

Tydens die afgelope Bondsvergadering, was melding gemaak dat Bondgemeentes in samewerking met ander kerke, hul kerkklokke sal lui op 31 Oktober 2017 om 07:00. Dit sal wyd en syd geskied en kerkklokke sal wêreldwyd beier. Pretoria FM sal op 31 Oktober bydra tot die viering van die Reformasie se 500-jarige bestaan. Op die datum sal tydens die Oggend-oordenking 7-voor-7 om 06:59 die klokgelui vanaf die Gereformeerde Kerk Pretoria op die sender netwerk uitgesaai word. Kerke en gemeentes van Kaapstad tot Upington, van Pretoria tot Perth word genooi om daaraan deel te neem. Laat die klokke beier!

### **REFORMASIE 500 - BOEKMERK**

Die GHG het ook besluit om ‘n ekstra boekmerk te laat druk om die geleentheid te herdenk. Die boekmerkies is na gemeentes versend. Dit sal op Sondag 29 Oktober aan lidmate uitgedeel word.

### **Hervormde Kerk Meyerspark**

Adam Tas vertoning – Hervormde Kerk Meyerspark

Datum: 10 November 2017

Tyd: 19:00

Plek: Havelockstraat 40, Wilgepark,  
Pretoria.  
Die kaartjies vir die vertoning is R100 per  
persoon.  
Kos stalletjies.  
Koffie, tee en koeldrank te koop.  
Navrae: [hkm@geloofsbond.org.za](mailto:hkm@geloofsbond.org.za)  
071 889 2175 / 012 803 7528

#### **GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste  
preke en gesprekke. Daar is elke Sondag  
nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op  
die internet beskikbaar. Gaan na  
<http://www.geloofsbond.org.za/>  
Daar is ook preke op whatsapp beskikbaar.  
Dit sluit in ds Hardie se preek tydens die  
GHG opening. Kontak Ella Joubert by  
082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die  
**preek-whatsapp groep** voeg.

#### **VLEISFEES -KOSTER**

Gelieve kennis te neem van Hervormde  
kerk Koster se wonderlike basaar op  
Saterdag 4 November 2017. Sien jou daar!

#### **GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)**

Lootjie vorms is beskikbaar  
Kontak Ansie Steyn van Oostelike  
Pietersburg by 083 630 1107.

#### **DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:


- Kalender
  - Kwitansieboeke
  - Offergawe boeke
  - Dames Kwitansieboeke
  - Konsistorie boeke
  - Reklame plakkate en ander drukwerk
- [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

# **10 November 2017**

## **19:00**

### **Hervormde Kerk Meyerspark**

**Hoewe 15, Havelock Straat**



## **R100 pp**

**Kos stalletjies  
Koffie/tee &  
koeldrank te koop**

**Kontak Marie:  
012 803 7528  
071 889 2175**



# PLATTELANDSE basaar

PAP EN KAIINGS | TUISGEBAK  
KERRIE EN RYS | POEDINGS  
SOSATIES | PANNEKOEK  
VETKOEK | VERMAAK | PRET



Kaartfasiliteite  
ook beskikbaar



Louis 082 851 6391 • Marie 082 703 8899

HERVORMDE KERK KOSTER • Sauer straat • Koster • 0348

## VLEIS PRYSE

### WORS

Boerewors  
R 70/kg



### VARK

Ontbeende Varknek	R 75/kg
Vark tjops	R 60/kg
Vark nek/kook	R 45/kg
Vark boud	R 55/kg
Salami	R 65/kg

### BEES

Mince (1kg)	R 60/kg
Biltong & Droewors	R 180/kg
Club steak	R 70/kg
T-Been	R 75/kg
Roast	R 75/kg
Bees Rol	R 70/kg
Murg Been	R 50/kg
Rumpsteak	R 85/kg
Fillet	R 90/kg
Chuck	R 55/kg
Stir Fry	R 70/kg
Goulash	R 70/kg
Brisket	R 50/kg
Sopbeen	R 50/kg
Kortrib	R 50/kg
Bees tongue	R 55/kg
Bees stert	R 70/kg
Bees niere	R 35/kg

### LAM

Lam rib	R 75/kg
Lam tjops	R 85/kg
Lam nek	R 70/kg
Lam kook	R 65/kg
Lamboud	R 85/kg

### HOENDER

Heel Hoender	R 45/kg
Flatties	R 60/kg

HERVORMDE  
KERK  
KOSTER  
Sauer straat  
Koster

Terwyl voorraad hou.  
Kaartfasiliteite ook beskikbaar

Louis 082 851 6391 • Marie 082 703 8899